**LAERSKOOL** **KRUGERPARK**

DURF AAN EN VOLHARD

# LAERSKOOL KRUGERPARK ROOKBELEID

## 1. Inleiding

Hierdie dokument is die rookbeleid van Laerskool Krugerpark, wat op **30 September 2018** deur die skoolbeheerliggaam goedgekeur is. Die rookbeleid erken die grondliggende waardes in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, en die toepaslike bepalings van die Wet op die Beheer van Tabakprodukte, Wet 83 van 1993, soos gewysig deur die Wysigingswet op die Beheer van Tabakprodukte, Wet 23 van 2007 (hierna 'die Tabakwet').

Die doel van die rookbeleid is om 'n aangename en gesonde omgewing vir sowel rokers as nierokers te skep, en om tabakgebruik onder veral jongmense te verminder en te beheer.

## 2. Die beleid

2.1 Die hele skoolterrein word tot rookvrye gebied verklaar, wat enige gang, voorportaal, trappe, hysbak, kafeteria, toilette of ander gemeenskaplike gebied insluit wat die werknemers en/of leerders gereeld gebruik, met uitsondering van die aangewese rookgebiede.

2.2 Geen leerder mag op die skoolterrein of in skooldrag weg van die skoolterrein rook nie.

2.3 Werknemers en besoekers mag slegs in die aangewese rookgebiede rook, en slegs indien dit nie met hulle werksprestasie of met die leerders se opvoeding inmeng nie.

2.4 Rook is verbode in enige voertuig wat aan die skool behoort of waarin werknemers en/of leerders vervoer word.

## 3. Toepassing

3.1 Dit is hoofsaaklik die Skoolhoof se verantwoordelikheid om hierdie beleid met die hulp van die Departementshoofde toe te pas, en toe te sien dat die skool se werknemers, leerders en besoekers dit streng nakom.

3.2 Alle skoolwerknemers, -leerders en -besoekers sal saamwerk om die beleid toe te pas.

3.3 Die aangewese rookgebiede moet aan die standaarde in die Regulasies (GNR.975 van 29 September 2000) van die Tabakwet voldoen. As verteenwoordiger van die werkgewer (die Departement van Onderwys), is dit die skoolhoof se plig om toe te sien dat sodanige gebiede in pas is met die voorskrifte; dat werknemers en besoekers slegs in hierdie afgebakende gebiede rook, en dat geen leerder onder die ouderdom van 18 jaar sodanige gebiede betree nie.

3.4 Die skoolhoof moet toesien dat –

(a) werknemers sonder vrees vir vergelding kan beswaar aanteken teen rook in die werkplek wat in stryd is met hierdie beleid of die Tabakwet;

(b) daar gehoor gegee word aan werknemers wat nie in die werkplek aan tabakrook wil blootgestel word nie;

(c) geen werknemer, hetsy as 'n uitdruklike of geïmpliseerde diensvoorwaarde, verplig word om in 'n gedeelte van die werkplek te werk waar rook toegelaat word nie; en

(d) geen werknemer verplig word om 'n vrywaring te onderteken teen werk in 'n gedeelte van die werkplek waar rook toegelaat word nie.

3.5 Die skoolhoof is verplig om nierook- en rookgebiede met duidelik sigbare tekens aan te dui.

## 4. Algemeen

4.1 Werknemers of leerders se versuim om hierdie beleid na te kom sal tot dissiplinêre stappe teen die oortreder aanleiding gee. In die geval van nienakoming deur besoekers, kan hulle vriendelik versoek word om die skoolterrein te verlaat, of toegang tot die skoolterrein geweier word.

4.2 Enige optrede in stryd met die Tabakwet is strafbaar ooreenkomstig die bepalings van die Wet.

4.3 Afskrifte van hierdie beleidsdokument moet aan alle werknemers van die skool voorsien word.

4.4 'n Afskrif van hierdie dokument moet op alle kennisgewingborde van die skool aangebring word, sowel as op eiendom wat die skool beheer.

4.5 Toepaslike kennisgewings moet ingevolge die Tabakwet in alle gebiede aangebring word waar hierdie beleid geld.

GETEKEN TE **MOKOPANE** OP HIERDIE **30ste** DAG VAN **SEPTEMBER 2018**

________________________________
Beheerliggaamvoorsitter

_________________________
Hoof: Laerskool Krugerpark